



In hierdie uitgawe...

Voorblad
Kerknuus:
Beroepenuus
Nuus oor predikante
Bedieningsnuus
Getuienis
Advertensies en kennisgewings

eHervormer

www.hervormer.co.za

Voorblad

Vreemdelinge

Vreemdelinge was nog altyd 'n werklikheid. In die Bybelse tyd het mense dikwels na ander lande gevlug op soek na kos en 'n heenkome. Dit was immers hoe die Israeliete in Egipte beland het. Vreemdelinge het 'n sekere deel van die sosiale samestelling van die gemeenskap in die Bybelse tyd uitgemaak. Daarom is daar ook pertinente voorskrifte in die Ou Testament ten opsigte van hoe daar teenoor vreemdelinge opgetree moet word. Hulle moet met respek en deernis behandel word.

Die optrede teenoor die vreemdelinge uit Zimbabwe en ander lande wat oor ons landsgrense gekom het, is vanuit 'n Bybelse oogpunt gewoon onaanvaarbaar. Daar is geen manier waarop die wrede mishandeling van mense geregverdig kan word nie. Vir baie van ons is sulke optrede onverstaanbaar en barbaars. Dit is meer as 'n vrees vir vreemdelinge (xenofobie). Dit kom neer op haat vir vreemdelinge. Die regering van die dag behoort verantwoordelikheid vir die situasie te aanvaar en daadwerklike stappe te neem om die probleem op te los. In 'n tyd waar baie van ons lidmate ook 'n heenkome in ander lande soos Australië en elders soek, behoort ons as kerk vir sulke mense in hulle vreemdelingskap te bid en na weë te soek om hulle te ondersteun.

Laat ons dit altyd ter harte neem dat ons almal vreemdelinge in die wêreld is. Ons verblyf hier op aarde is net tydelik.. Ons is deur Jesus Christus reeds burgers van God se ewige koninkryk.

Dr Gerhard Lindeque

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:

Webblad van die Hervormde Kerk -
www.nhk.co.za
Hervormer webwerf -
www.hervormer.co.za
e-Hervormer -
www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! -
www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:

Redaksie -
epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte -
nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die e-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Teken in op e-Hervormer...

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!


Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en klik op die 'Teken in'-opsie.



BEROEPENUUS

► Beroepe ontvang

Ds Eksteen Botes van Nelspruit na Van der Hoff (Groblersdal)



Ds Dawie du Plessis van Verwoerdburg (benoeming) na Wonderboom-Suid (deeltyds)

► Beroepe aanvaar

- **Ds Deirdre van der Merwe-Botha** van Randfontein Midpark (deeltyds) het 'n benoeming aanvaar na Gemeente Brackenhurst.
- **Ds Johnny Young** van Vanderbijlpark- Suid na Rustenburg-Tuine
- **Ds Gerhard Viviers** van Roedtan (deelversorging) na Laeveld (Duiwelskloof)
- **Prop Jasper van der Westhuizen** na Hendrina/Breyten-kombinasie

► Beroep bedank

- **Ds David Barnard** van Horison Roodepoort na Midrand


NUUS OOR PREDIKANTE

► **Ds Hein Kloppers**, predikant van Krugersdorp-Oos, en een van sy ouderlinge besoek vanaf 23-25 Mei die lidmate in Zimbabwe in die Bulawayo-omgewing. Dit is die tweede besoek wat ds Hein aan Bulawayo bring.

► **Ds Gert van Staden** (emeritus) wat op Rustenburg woon, het op 7 Mei 'n nekoperasie ondergaan.

► **Ds Colin Hertzog** se vader, 'n bekende lidmaat van die Kerk, is ernstig siek weens kanker. Voorbidding word vir die familie gevra.

► **Dr Gafie van Wyk** het op Sondag 18 Mei sy 25ste ampsjubileum gevier. Prof Ernest van Eck het namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gelukwense aan hom oorgedra.



► **Ds Faan Visser**, predikant van Lichtenburg-Oos, is tans met siekteverlof nadat hy tekens van uitbranding getoon het. Dit gaan onder omstandighede goed met hom en hy is besig om mooi te herstel. Ds Ronel Eckard behartig tans die eredienste.

► 'n Spesiale dankie

Op 21 Februarie is emerituspredikant AAJ Swart na 'n ernstige siekbed oorlede. Sy vrou, mev Hendrina Swart het hierdie brief ingestuur.

By al die hartseer rondom die ernstige siekte en afsterwe van Attie, het ek soveel om voor dankbaar te wees. Ek het opnuut besef hoe geborge 'n mens in jou kerk is. As 'n mens so seer is dat jy nie weet hoe jy moet aangaan met jou lewe nie, tel jou kerk jou op en dra jou deur die donkerte tot jy weer die lig sien. Dis vir my 'n voorreg om aan so 'n kerk te behoort. Graag rig ek 'n paar spesiale bedankings aan 'n paar spesiale mense:

- *Aan prof Theuns Dreyer vir sy baie besonderse huldigingstoespraak namens die Kommissie van die AKV met die roudiens.*
- *Aan lidmate uit ons ou gemeentes wat ver gery het om die dankdiens by te woon. 'n Spesiale dankie aan Retha en Stephan Botha wat Klerksdorp-Oos Mōrester verteenwoordig het en di Daan en Sonia van Wyk wat 'n huldeblyk geskryf het namens Wolmaransstad-gemeente. Dit is deur ds Dries Beukes voorgelees.*
- *Aan die lede van die Eendrachtkring. So baie het na die roudiens toe gekom, baie het ver gery. Baie dankie ook vir die oproepe voor en na Attie se afsterwe.*
- *Aan die lidmate van Swartkop-gemeente. Dankie vir vriendskap, meelewing, belangstelling en ondersteuning, ook vir die gemeente se pragtige ruiker.*
- *Aan ds Dries Beukes vir sy besoeke, sy ondersteuning, sy daar wees vir my. Vir die pad wat hy met my geloop het en nog loop.*

BEDIENINGSNUUS

■ **Ds Ronel Eckard**, beroepafwagtende predikant, werk tans in Gemeente Coligny. Die jarelange kombinasie tussen Coligny en Gerdau is na die vertrek van ds Gawie Wolmarans verbreek. Gerdau het ds Petrus Harmzen van Hartbeesfontein beroep. Die Ringskommissie van Zeerust doen alles in sy vermoë om die bediening in Gerdau weer vlot te laat verloop. Van die gesinne wat die gemeente in die tyd van herderloosheid tydelik verlaat, begin reeds terugkeer.

■ Die finalejaarkatgisante van **Gemeente Hazyview** nooi lidmate hartlik uit om saam met hulle op 'n onvergeetlike toer na Israel te gaan. Dié katgisante het baie hard gewerk om die toer te laat realiseer. Daar is nog 'n paar sitplekke om te vul voordat die toer vir hulle 'n werklikheid kan word. Enige lidmaat van die Kerk is welkom om saam te gaan. Die toer is nie net vir die jeug nie – oud en jonk sal dit as 'n onvergeetlike ervaring beleef.

Daar is gepoog om die toer so omvattend moontlik te maak sodat al die belangrikste plekke ingesluit sal wees. Onder meer word bekende plekke in Israel, Sinai in Egipte en Petra in Jordanië besoek.

Daar is slegs 'n beperkte aantal sitplekke beskikbaar.


Belangstellendes kan met André du Preez skakel vir meer besonderhede by enige van die onderstaande kontaknommers.

Posbus 140, Hazyview 1242

Tel/faks: 013 737 7270

Sel: 083 277 0917

E-pos: [nhkhazyview@telkomsa.net](mailto:nkhazyview@telkomsa.net)



■ VIERING VAN DIE 75STE BESTAANSJAAR VAN DIE BYBEL IN AFRIKAANS

Die Komitee vir Bybelverspreiding het tydens sy vergadering van 17 April besin oor die Kerk se betrokkenheid by die feesviering ter herdenking van die 75ste bestaansjaar van die Bybel in Afrikaans.

Die Komitee versoek vriendelik dat alle gemeentes van die Kerk soos volg aan die feesviering sal deelneem:

1. Gemeentes in die groter sentra skakel, waar moontlik, in by die feesviering wat deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gereël word.
2. Ander gemeentes, asook gemeentes in groter sentra waar daar nie 'n fees deur die Bybelgenootskap gereël word nie, reël plaaslike Bybelfeeste in samewerking met die ander Afrikaanssprekende kerke (veral die susterkerke) indien moontlik. Sodoende word die saak van ekumene ook bevorder.
3. Feesviering word gedurende Augustus 2008 gehou (die eerste Bybel in Afrikaans is op 27 Augustus 1933 in Bloemfontein in ontvangs geneem). Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se hooffeesviering vind gedurende die naweek van 29 tot 31 Augustus 2008 te Bloemfontein plaas.
4. Die inrigting van die feesviering word aan die inisiatief van gemeentes oorgelaat, maar die volgende kan oorweeg word:
 - 'n Gesamentlike dankdiens
 - 'n Bybeluitstalling
 - 'n Stap-, draf-, fietsryprojek vir Bybels
 - 'n Bybelse ete
 - 'n Bybelverspreidingsprojek by skole en inrigtings
5. Die erediensoffergawes (deurkollektes) van Sondag 24 Augustus (Bartolomeusnag) word deur alle gemeentes van die Kerk as 'n spesiale dankoffer aan die Bybelgenootskap oorbetaal (die deurkollektes van die laaste Sondag van Augustus en eerste Sondag van September gaan tradisioneel vir die Teologiese Opleidingsfonds).


Advertensies en kennisgewings

● **HARTBEESPOORT.** Die basaar van die jaar met die tema **BOSVELDBASAAR**, wat weer eens deur Gemeente Schoemansdal in Hartbeespoort aangebied word, sal groot aftrek kry en die organiseerders belooft dat dit vanjaar werklik die grootste en beste basaar sal wees wat nog ooit ten suide van die Magaliesberge aangebied gaan word.

Kom na 'n egte BOSVELD-belewenis. Die basaar word gehou by die eerste kerk op die hoek van Marais- en Scottstraat te Schoemansville, Hartbeespoort. Kom na die Bosveldbasaar van die jaar. Onthou, die pret begin om 09:00. Moenie hierdie basaar misloop nie!

Vir verdere inligting skakel Henri Verrips 012 420 2945 of die kerkkantoor 012 253 146 (tussen 08:00 en 12:00 elke dag).

● **Johannesburg-Suid** hou kermis op 31 Mei by die NG Gemeente Brackenhurst, Hennie Albertsland, Alberton. Kom ondersteun ons; daar sal baie pret wees en baie te koop. Daar sal ook van ons Yaris-kaartjies @ R50 te koop wees. Persone wat stalletjies wil koop, kan dit @ R50 doen en enige iets verkoop behalwe kos. Vir verdere inligting kontak Louisa van der Westhuizen by 011 613 2680 of 082 463 5323.



● HTS JUBILEUM

Op Maandag 9 Junie oorhandig prof Johan Buitendag, voorsitter van die redaksie van HTS, die *HTS Jubileum*, wat opgedra is aan die Viserektor, prof CR de Beer, aan hom. Die redakteur van *HTS Teologiese Studies*, prof Andries van Aarde, sal 'n lesing lewer oor *The RDP of the Soul*, teen die agtergrond van geweld en Paulus se appèl op toleransie.

Prof Theuns Dreyer sal by dieselfde geleentheid die Hervormde Kerk se gelukwensing aan die Universiteit van Pretoria oordra met UP se honderdjarige verjaardag.

Datum: Maandag 9 Junie 2008

Tyd: 12:00 tot 13:00

Plek: Senaatsaal, Administrasiegebou, UP

● **Oorwinningskinders**, 'n konsert ten bate van jong Hervormers en aangebied deur die NHSV en diakens van Gemeente Kruijn, Roodepoort, vind plaas op Vrydag 23 Mei om 19:00. Navrae kan gerig word aan Nellie Coetzee by 082 923 9017.

● Die volgende vergaderings vind in die volgende week plaas:

- Die Direksie van Die Ondersteuningsraad vergader op 29 Mei om 10:00.

● Ringsvergaderings

- Die Ring van Noordelike Natal vergader op Saterdag 24 Mei by Gemeente Vryheid.
- Die Ring van Zeerust vergader op Saterdag 24 Mei by Gemeente Lichtenburg-Oos.
- Die Ring van Bloemfontein vergader op Saterdag 2 Augustus by Gemeente Bloemfontein-Wes.

● Markdag by Gemeente Alberton


'n 'Markdag' word vir Saterdag 31 Mei beplan. Die verrigtinge begin reeds om 07:00 met 'n egte boere-ontbyt waar pap, boerewors, varkkaiings, hoenderlewertjies, eiers volgens jou smaak, gebraaide uie en tamaties en tuisgebakte brood met egte botter en konfynt bedien sal word. Deur die dag sal van alles en nog wat te koop wees: pannekoek, jafels, kerrie en rys, nagereg, lekkers en nog baie ander eetgoed wat die smaakkliere sal kielie. Daar sal selfs 'n biertuin wees. Verder is daar verskillende speletjies om jou vaardigheid te toets en tussendeur stal die SAPD, Metropolisie, brandweer, veiligheidsdienste, sekuriteitsmaatskappye en Eskom (mits ons krag het) uit. Vir die kinders is daar die geleentheid om interaktief deel van die uitstallings te wees. Ondersteun asseblief hierdie projek van Gemeente Alberton by die kerkterrein, Tweede Laan 82, Florentia, Alberton. Vir navrae en bestellings kan u Pieter Schreiber (082 332 4252), Winnie Mulder (083 212 4693) of Tienie le Roux (083 590 2261) bel. U kan ook meer hoor by ds Pieter Viljoen (082 927 5035).



DIPLOMA IN HIMNOLOGIE **LAASTE GELEENTHEID VIR INSKRYWING VIR 2008/9**

Die Himnologiekursus vir 2008 begin op SATERDAG 24 MEI 2008 in Pretoria, van 08:00 tot 14:00

Navrae en inskrywings: Dr Elsabé Kloppers iksa@absamail.co.za Tel 012 996 0431





BILTONG BILTONG BILTONG

EET SONEEL J KAN!!!!!!

Slegs R80 per volwassene en R40 per kind, 12 jaar en jonger

Biltong, Salami, Alertei Biltonggeregte, brode, konfyte en biltongsmere

Gaskunstenaar - Thinus van Staden

**"Lucky Draw"
Bale Pryse**

**Vrydag 7 Junie 2008 om 17:00
Hervormde Kerk, 12de Laan 512,
Gezina**

Kontakpersone: Sarel Viljoen 083 554 3397 of
Mark Koyser 082 733 6808

Om teleurstelling te voorkom, koop jou kaartjies nou - beperkte kaartjies nog beskikbaar

Noordes Gholfdag



- 18 Julie 2008
- Akasia Gholfbaan

- Kontak asseblief vir **Hendrik Pieterse** as u kan help met **borgskappe, pryse, donasies**, die **inskrywing** van 'n vierbal en om ander spelers te help dra
- Vir u bydrae versoek ons dat elkeen 'n prys van ongeveer R30 koop.

- **Hendrik:** 082 447 3286
bam@goggaconnect.co.za
- **Andre:** 082 710 2539
anly@xsinet.co.za

[Terug na Voorblad](#)

